- \*1. (a) For water supplied on a monthly basis — 1/3 per cubic metre, with a minimum fee of 7/6 which is equal to 6 cubic metres of water, whether consumed or not.
- (b) Whenever, in the discretion of the Council it becomes necessary to restrict the consumption of water, and after 14 days written notice of such proposed restriction has been sent to each consumer, the tariff referred to under (a) shall be increased by 25% in respect of consumption in excess of 50 cubic metres and not exceeding 100 cubic metres, and by 50% in respect of consumption in excess of 100 cubic metres.
- (c) The Council may, on application received and with the approval of the Administrator, grant a reduction on the charge fixed under (a) to the South African Railway Administration and industrial concerns.
- (d) A penalty fee of 2/6 will be charged on all accounts outstanding after the 15th day of the month following the month to which the account refers.

- \*1. (a) Vir water op 'n maandelikse basis gelewer — 1/3 per kubieke meter, met 'n minimale aanslag van 7/6 wat gelykstaan aan 6 kubieke meters water, of dit gebruik is of nie.
- (b) Wanneer dit, na oordeel van die Raad, nodig word om die verbruik van water in te kort, en na verstryking van 14 dae nadat skriftelike kennisgewing van sodanige voorgenoemde inkorting aan elke verbruiker gestuur is, word die tarief onder (a) verhoog met 25% ten opsigte van hoeveelhede water verbruik ho 50 kubieke meters maar nie meer as 100 kubieke meters nie, en met 50% ten opsigte van hoeveelhede water verbruik bo 100 kubieke meters.
- (c) Die Raad kan, op ontvangs van sodanige aansoek en met goedkeuring van die Administrateur, die tarief onder (a) verminder in die geval van die Suid-Afrikaanse Spoorweg Administrasie en industriële verbruikers.
- (d) 'n Boetesofei van 2/6 sal gelief word op alle uitstaande rekenings na die 15de dag van die maand wat volg op die maand waaroor die rekening gaan.

	£	s.	d.
2. For replacing a seal which has been tampered with, on the consumer's premises . . . . .	0	5	0
3. For disconnecting or connecting the water supply at the consumer's request . . . . .	5	0	0
4. For re-connecting after the supply has been cut off due to the breach of these regulations . . . . .	0	10	0
5. For providing a water connection from the Council's main to the consumer's premises . . . . .	7	10	0
6. For testing any meter at the request of the consumer, and found to be correct to within 5% . . . . .	1	0	0

	£	s.	d.
2. Vir die vervanging van 'n seël van 'n meter op die verbruiker se perseel en waarvan gepeuter is . . . . .	0	5	0
3. Vir die aan- of afsluiting van die watertoevoer op versoek van die verbruiker . . . . .	5	0	0
4. Vir heraansluiting nadat die watertoevoer gestak is weens inbreuk op hierdie regulasies . . . . .	0	10	0
5. Vir die verskaffing van 'n wateraansluiting vanaf die Raad se hoofpyp na die verbruiker se perseel . . . . .	7	10	0
6. Vir die toets van enige meter op verbruikersversoek indien gevind word dat die meter tot 5% juis registreer . . . . .	1	0	0

No. 332.]

[15th November, 1955.

## CLOSE SEASON FOR PILCHARDS.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by sub-section (1) of section two of the Sealing and Fisheries Ordinance, 1949 (Ordinance No. 12 of 1949), to prohibit the catching or disturbing of pilchards within and beyond the territorial waters of the Territory for the period 1st December, 1955, to 31st January, 1956.

No. 1708 (Union).]

[26th August, 1955.

## LEVY AND SPECIAL LEVY ON WOOL.

In terms of sections *thirty-four bis* and *thirty-four ter* of the Wool Act, 1946 (Act No. 19 of 1946), as amended. (hereafter referred to as the Act), I, STEPHANUS PETRUS LE ROUX, Minister of Agriculture, hereby make known that the South African Wool Board, referred to in section *twenty-three* of the Act, has in terms of said sections *thirty-four bis* and *thirty-four ter*, and with my approval imposed—

- a levy at a rate of three-eighths ( $\frac{3}{8}$ ) of a penny per pound on all wool, excluding karakul wool produced, sold or processed in or exported from the Union;
- a levy at the rate of one-quarter ( $\frac{1}{4}$ ) of a penny per pound on all karakul wool produced, sold or processed in or exported from the Union;
- a special levy at a rate of three-eighths ( $\frac{3}{8}$ ) of a penny per pound on all wool, excluding karakul wool produced, sold or processed in or exported from the Union; and
- a special levy at a rate of one-quarter ( $\frac{1}{4}$ ) of a penny per pound on all karakul wool produced, sold or processed in or exported from the Union.

Government Notice No. 1919 of the 28th August, 1953, is hereby repealed.

And I do further hereby make known that the said levy and special levy shall come into operation on the date of publication hereof.

S. P. LE ROUX,  
Minister of Agriculture.

No. 1181 (Union).]

[October, 1955.

## COUNCIL OF THE SOUTH AFRICAN BUREAU OF STANDARDS.

It is hereby notified for general information that the Council of the South African Bureau of Standards, at its hundred-and-sixth meeting, held on the 12th September, 1955, amended the specification listed below, and the Honourable the Minister of Economic Affairs has been pleased to approve the retention of the ellipse-diamond standardization mark in respect of the amended specification.

The Council further resolved that all holders of permits to apply the ellipse-diamond standardization mark to the commodities listed below, may, if they so desire, proceed immediately to manufacture, produce, process or treat the product in accordance with the amended specification, and furthermore, that the relevant standardization mark shall in any event cease to be applicable in respect of the original specification after the 31st March, 1956.

Persons in possession of copies of the original specification may on application obtain gratis copies of the amendment slips, post free, from the South African Bureau of Standards, Private Bag 191, Pretoria.

No. 332.]

[15 November 1955.

## GESLOTE SEISOEN VIR SARDYNE.

Dit het die Administrateur behaag om, kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by sub-artikel (1) van artikel twee van die Ordonnansie op Robbevangs en Visserye 1949 (Ordonnansie 12 van 1949), die vangs of steuring van sardyne binne en buite die territoriale waters van die Gebied te belet gedurende die tydperk 1 Desember 1955 tot 31 Januarie 1956.

No. 1708 (Unic).]

[26 Augustus 1955.

## HEFFING EN SPESIALE HEFFING OP WOL.

Kragtens artikels *vier-en-dertig bis* en *vier-en-dertig ter* van die Wolwet, 1946 (Wet No. 19 van 1946), soos gewysig (hierna die Wet genoem), maak ek, STEPHANUS PETRUS LE ROUX, Minister van Landbou, hierby bekend dat die Suid-Afrikaanse Wolraad, genoem in artikel *drie-en-twintig* van die Wet, kragtens genoemde artikels *vier-en-dertig bis* en *vier-en-dertig ter*, en met my goedkeuring, die volgende heffings opgelê het:—

- 'n Heffing van drie-agste ( $\frac{3}{8}$ ) pennie per pond op alle wol, uitsluitende karakoelwol, wat in die Unie geproduseer, verkoop of verwerk of uit die Unie uitgevoer word;
- 'n heffing van 'n kwartpennie ( $\frac{1}{4}$ ) per pond op alle karakoelwol wat in die Unie geproduseer, verkoop of verwerk of uit die Unie uitgevoer word;
- 'n spesiale heffing van drie-agste ( $\frac{3}{8}$ ) pennie per pond op alle wol, uitsluitende karakoelwol, wat in die Unie geproduseer, verkoop of verwerk of uit die Unie uitgevoer word; en
- 'n spesiale heffing van 'n kwartpennie ( $\frac{1}{4}$ ) per pond op alle karakoelwol wat in die Unie geproduseer, verkoop of verwerk of uit die Unie uitgevoer word.

Goewermentskennisgewing No. 1919 van 28 Augustus 1953 word hierby herroep.

En voorts maak ek bekend dat genoemde heffing en spesiale heffing op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

S. P. LE ROUX,  
Minister van Landbou.

No. 1181 (Unic).]


[Oktober 1955.

## RAAD VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BURO VIR STANDAARDE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde op sy honderd-en-seste vergadering gehou op 12 September 1955, onderstaande spesifikasie gewysig het, en dat Sy Edele die Minister van Ekonomiese Sake die behoud van die ellipse-diamant-standaardmerk ten opsigte van die gewysigde spesifikasie goedgekeur het.

Die Raad het verder besluit dat houders van permitte om die ellipse-diamant-standaardmerk op onderstaande produkte aan te bring, indien hulle dit verkies, onmiddellik mag voortgaan met die vervaardiging, produksie, verwerking of behandeling van die produkte ooreenkomstig die gewysigde spesifikasie, en verder dat die betrokke standaardmerk in elk geval nie meer na 31 Maart 1956 van toepassing sal wees ten opsigte van die oorspronklike spesifikasie nie.

Persones wat eksemplare van die oorspronklike spesifikasie besit, kan op aanvraag kosteloos en posvry, eksemplare van die wysigingsstrokie by die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, Private Bag 191, Pretoria, verkry.

Specification Spesifikasie No.	Short title Kort titel	Scope of amendment Bestek van wysiging	Merk/Mark
513-1954	Retro-reflectors/ Retro-werksaatsers	The specification is amended in regard to the definition of retro-reflectors and the minimum sizes of the different grades of retro-reflectors/ Die spesifikasie is gewysig deur die verandering van die definisie vir retro-werksaatsers en die toevoeging van minimum groottes vir verskillende grade retro-werksaatsers	

No. 1205 (Union.) [October, 1955. No. 1205 (Unic.) [Oktober 1955.  
**COUNCIL OF THE SOUTH AFRICAN BUREAU OF STANDARDS.** **RAAD VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BUREAU VIR STANDAARDE.**

It is hereby notified for general information that the Council of the South African Bureau of Standards, in terms of section three (a) bis of the Standards Act, 1945 (Act No. 24 of 1945), as amended, has decided to prepare specifications in respect of the following commodities:—

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Raad van die Suid-Afrikaanse Bureau vir Standaarde, ingevolge artikel drie (a) bis van die Wet op Standaarde, 1945 (Wet No. 24 van 1945), soos gewysig, besluit het om spesifikasies vir die volgende handelsartikels op te stel:—

- Electric floor polishers.
- Dental gold alloys.
- Hollow clay building blocks.
- Paper bags for the packaging of groceries and other commodities.
- Corrugated paperboard boxes for potatoes.
- Corrugated paperboard boxes for deciduous fruits.
- Cast iron drain, sewer, waste water and air pipes.
- Current carrying capacity of cables (Code of Practice).
- Water tanks.

- Elektriese vloerpoelers.
- Goudlegerings vir tandheelkundige gebruik.
- Hol kleiblokke vir boudoeleindes.
- Papiersakke vir die verpakking van kruidenerware en ander handelsartikels.
- Riffelkartondose vir oartappels.
- Riffelkartondose vir sagtevrugte.
- Riool-, drek-, vuilwater- en lugpype van gietyster.
- Stroomdraerimoe van kables (gebruikskode).
- Waterrenks.

No. 1244 (Union.) [October, 1955. No. 1244 (Unic.) [Oktober 1955.  
**COUNCIL OF THE SOUTH AFRICAN BUREAU OF STANDARDS.** **RAAD VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BUREAU VIR STANDAARDE.**

It is hereby notified for general information that the Council of the South African Bureau of Standards has approved the publication of the following simplified practice recommendations. Copies are obtainable free of charge from the South African Bureau of Standards, Private Bag 191, Pretoria.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat ondergenoemde aanbevelings vir vereenvoudigde praktyk deur die Raad van die Suid-Afrikaanse Bureau vir Standaarde gepubliseer is. Eksemplare is gratis verkrygbaar by die Suid-Afrikaanse Bureau vir Standaarde, Private-sak 191, Pretoria.

Recommended simplified  
practice No.  
Aanbevole vereenvoudigde  
praktyk No./

Short title / Kort titel

S.A.B.S. R2-1955

Milk cans/Melkkanne

S.A.B.S. R8-1955

Hospital beds/Hospitaalbedde

No. 2199 (Union.) [4th November, 1955. No. 2199 (Unic.) [4 November 1955.  
**AMENDMENT TO THE REGULATIONS FOR THE SOUTH AFRICAN POLICE.** **WYSIGING VAN DIE REGULASIES VIR DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE.**

His Excellency the Governor-General has been pleased, under the powers vested in him by Section ten of the Police Act, 1912 (Act No. 14 of 1912), to approve of the following amendments to the Regulations for the South African Police promulgated under Government Notice No. 3250 of 1951, as amended:—

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal belang om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel tien van die Politiewet, 1912 (Wet No. 14 van 1912), sy goedvande van die Regulasies vir die Suid-Afrikaanse Polisie wat by die Regulasies vir die Suid-Afrikaanse Polisie van 1951, soos gewysig, uitgekondig is:—

Regulation 13 (2).—Delete and substitute:—

Regulasie 13 (2).—Skrap en vervang deur:—

"13. (2) Before being promoted, policemen shall undergo such examination as may from time to time be prescribed by the Commissioner and may also be required to submit to medical examination. The Commissioner must, however, before promoting any policeman, satisfy himself that the policeman is suitable for promotion."

"13. (2) Polisiebeamptes moet, voordat hulle bevorder word, 'n eksamen aflê wat van tyd tot tyd deur die Kommissaris voorgeskryf word, en dit kan ook van hulle verlang word om hulle mediese te laat ondersoek. Voordat 'n Kommissaris egter 'n polisiebeampte bevorder, moet hy homself tevrede stel dat die beampte geskik vir bevordering is."

Regulation 39 (1).—Delete the words "two hundred and seventy-three of Act No. 31 of 1917" and substitute by: "two hundred and forty-four of Act 56 of 1955".

Regulasie 39 (1).—Skrap die woorde „tweehonderd drie-en-seventig van Wet No. 31 van 1917” en vervang deur: „tweehonderd vier-en-veertig van Wet 56 van 1955”.

No. 2235 (Union).] [11th November, 1955.

CUSTOMS ACT, No. 55 OF 1955.

IMPOSITION OF AN ORDINARY DUMPING DUTY ON BRAKE LININGS.

I, ERIC HENDRIK LOUW, Minister of Finance, in terms of the powers vested in me by section eighty-three of the Customs Act, No. 55 of 1955, hereby declare that as from the date of publication of this notice, an ordinary dumping duty as defined in paragraph (a) of section eighty-four of the said Act shall, in addition to any other duty payable thereon, be levied upon the following goods which are imported into the Union from or originate in the territories mentioned hereunder:—

Tarif Item.	Goods.	Territories.
Ex 129 (m)	Brake linings (moulded and extruded)	The United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland and the United States of America.
Ex 130 (i)		
Ex 131 (c)		

ERIC H. LOUW,  
Minister of Finance.

1955.

No. 2236 (Union).] [11th November, 1955.

THE SOUTH AFRICAN PHARMACY BOARD.

AMENDMENT OF THE RULES RELATING TO THE FORM AND METHOD OF AND THE FEE FOR REGISTRATION OF CONTRACTS OF APPRENTICESHIP TO CHEMISTS AND DRUGGISTS.

The Minister of Health, in exercise of the powers conferred on him by sub-section (4) of section ninety-four of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928), has approved of the amendment of No. 19 of the rules made by the South African Pharmacy Board under sub-section (2) of the said section of the Act and published under Government Notice No. 93 of the 17th January, 1941, as amended, by the insertion, between the words "may" and "he" where they appear for the first time, of the words "with the prior consent of the Board."

No. 2135 (Unie).] [11 November 1955.

DOEANEWET, No. 55 VAN 1955.

TOEPASSING VAN 'N GEWONE DUMPINGREG OP REMVOERINGS.

Ek, ERIC HENDRIK LOUW, Minister van Finansies, handelende krugdens die bevoegdheid my verleen by artikel drie-en-tagtig van die Doeanewet, No. 55 van 1955, verklaar hierby dat, met ingang van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing, 'n gewone dumpingreg soos in paragraaf (a) van artikel vier-en-tagtig van genoemde Wet omskryf, op ondergenoemde goedere wat uit ondervermelde gebiede in die Unie ingevoer word of wat van daardie gebiede afkomstig is, gelief word bo en behalwe alla ander regte wat daarop betaalbaar is:—

Tariefitem.	Goedere.	Gebiede.
Ex 129 (m)	Remvoerings (gevormde en uitgedrewe)	Die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland en die Verenigde State van Amerika.
Ex 130 (i)		
Ex 131 (c)		

ERIC H. LOUW,  
Minister van Finansies.

1955.

No. 2236 (Unie).] [11 November 1955.

DIE SUID-AFRIKAANSE APTEKERSKOMMISSIE.

WYSIGING VAN DIE REELS BETREFFENDE DIE VORM EN METODEDE VAN EN DIE GELDE VIR REGISTRASIE VAN APTEKERSLEERLINGKONTRAKTE.

Die Minister van Gesondheid het, in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by subartikel (4) van artikel vier-en-negentig van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), sy goedkeuring geheg aan die wysiging van No. 19 van die reëls opgestel deur die Suid-Afrikaanse Aptekerskommissie krugdens subartikel (2) van genoemde artikel van die Wet en afgekondig by Goewernementskennisgewing No. 93 van 17 Januarie 1941, soos gewysig, deur die invoeging, tussen die woorde „kan" en „met" waar hulle vir die eerste keer voorkom, van die woorde „met die voorafgaande toestemming van die Kommissie."

General Notices.

(No. 95 of 1955.)

The owners of the undermentioned properties situated in the Municipal area of Luderitz, are hereby called upon to pay the arrear assessment rates indicated, together with interest charges, within a period of three months from the 3rd January, 1956, in default of which the properties will be sold in terms of section 180 of the Municipal Ordinance, 1949.

Erf No.	Owner.	Amount of Rates Due.
149	H. Hesselmann	£26 7 3
167	M. Westphal	£21 8 2
260	A. Busch	£13 17 6
261	A. Busch	£ 4 8 8
263	A. Busch	£10 12 4

Algemene Kennisgewings.

(No. 95 van 1955.)

Aan die eienaars van onderstaande eiendomme geleë in die Munisipale gebied van Luderitz, word hiermee 'n beroep gedoen om die agterstallige belastinge, soos aangeduid, saam met rente, binne 'n tydperk van drie maande vanaf 3 Januarie 1956, te betaal. By wanbetaling sal die betrokke eiendomme krugdens die bepalings van artikel 180 van die Munisipale Ordonnansie 1949, verkoop word.

Erf No.	Eienaar.	Belasting betaalbaar.
149	H. Hesselmann	£26 7 3
167	M. Westphal	£21 8 2
260	A. Busch	£13 17 6
261	A. Busch	£ 4 8 8
263	A. Busch	£10 12 4

(No. 103 of 1955.)

MUNICIPALITY OF GROOTFONTEIN.

PROPOSED PERMANENT CLOSING OF A PORTION OF MARKET SQUARE.

Notice is hereby given in terms of Section 171 (b) of Ordinance No. 3 of 1949, that it is the intention of the Council of the Municipality of Grootfontein to close:—

A certain portion of Market Square in the Municipality and District of Grootfontein.

The portion to be closed will be used for a day and night service station.

A plan of the Township of Grootfontein showing the proposed portion to be closed will lie open for inspection during office hours at the office of the undersigned for a period of 60 days from date hereof.

If no objections in writing are received by the Town Clerk within 60 days mentioned above, this Council will apply to the Administrator to have that portion of Market Square closed.

By Order of the Council.

S. VAN VUUREN,  
Town Clerk.

(No. 104 of 1955.)

SOUTH WEST AFRICA.

RETURN OF FARMS UNDER QUARANTINE FOR SCHEDULED STOCK DISEASES ON THE 1st OCTOBER, 1955.

District: ANTHRAX. Farm:

GOBABIS: Townlands.

BLACKQUARTER.

OMARURU: Okombahe Nat. Reserve 139.  
KARIBIB: Wilsonfontein 110.  
GROOTFONTEIN: Nosib 655.  
GOBABIS: Good Hope 397.  
OKAIHANDJA: Oganjira 66, Schwabenhof 158.

DOURINE.

OTJIWARONGO: Osongumbo 79.  
OMARURU: Omapyu Nord.  
GOBABIS: Otjiwarumendu, Ruimie 366, Usegai 367, Springboklangte 658, Eintracht 118, Andersson 248, Otjozondjou 235, Voortrekker 172.

RABIES.

OTJIWARONGO: Okateitei, Okatjitambi Suid 255.  
OKAIHANDJA: Tiefenbach, Otjimbuku 136, Ongombeana-vita 22, Preclude 246.  
GOBABIS: Kanduve 254, Nanecfield 325, Alaska 219, Steinhansen 212, Okruakna 215, Welgelegen 396, Karamba 203, Kamingama 204, Toronto 206, Good Hope 397.  
OMARURU: Otjikoko 67, Ozondjisse 55.

SWINE FEVER.

OMARURU: Okosongoro Suid.  
OKAIHANDJA: Outinkwa 243.

BOVINE TUBERCULOSIS.

LUDERITZ: Townlands.

GOAT MANGE.

REHOBOOTH: Kanobes Ost, Wortel (358).

SHEEP SCAB.

GIBEON: Bohemia, Edelweiss 438, Entabene 27, Goricia 269.

OMARURU: Otjohorongo & Okombahe Nat. Reserves.

OUTJO: Otjumue Nord 108.  
OUTJO: Mooipoort, Rantveld.

G. F. VAN DER MERWE,  
for Director of Agriculture.

WINDHOEK, 18.10.1955.

(No. 103 van 1955.)

DIE MUNISIPALITEIT GROOTFONTEIN.

BE-OOGDE PERMANENTE SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN MARKPLEIN.

Kennis word hiermee ingevolge Artikel 171 (b) van Ordonnansie 3 van 1949 gegee dat die Raad van die Munisipaliteit Grootfontein voornemens is om—

'n Gedeelte van Markplein geleë in die Munisipaliteit en Distrik van Grootfontein, permanent te sluit.

Die gedeelte van die Markplein wat gesluit word sal gebruik word vir die oprigting van 'n dag-en-nagvulstasie.

'n Plan van die dorp wat die gedeelte van die Markplein wat gesluit sal word aandui, sal vir 'n tydperk van 60 dae vanaf datum hiervan gedurende kantoorure in die kantoor van die ondergetekende ter ensae lê.

Indien geen skriftelike besware gedurende die voormelde tydperk van 60 dae by die Stadsklerk ingedien word nie, sal by die Administrateur aansoek gedoen word om permanente sluiting van die gedeelte.

Op Las van die Raad.

S. VAN VUUREN,  
Stadsklerk.

(No. 104 van 1955.)

SUIDWES-AFRIKA.

OPGAWE VAN PLASE ONDER KWARTANTYD VIR GEPROKLAAMEERDE VEESIEKTES OP 1 OKTOBER 1955.

District: MILTSIEKTE. Plaas:

GOBABIS: Durpsmeent.

SPONSSIEKTE.

OMARURU: Okombahe Nat. Reserve 139.  
KARIBIB: Wilsonfontein 110.  
GROOTFONTEIN: Nosib 655.  
GOBABIS: Good Hope 397.  
OKAIHANDJA: Oganjira 66, Schwabenhof 158.

SLAPSIEKTE.

OTJIWARONGO: Osongumbo 79.  
OMARURU: Omapyu Nord.  
GOBABIS: Otjiwarumendu, Ruimie 366, Usegai 367, Springboklangte 658, Eintracht 118, Andersson 248, Otjozondjou 235, Voortrekker 172.

HONDSDOELHEID.

OTJIWARONGO: Okateitei, Okatjitambi Suid 255.  
OKAIHANDJA: Tiefenbach, Otjimbuku 136, Ongombeana-vita 22, Preclude 246.  
GOBABIS: Kanduve 254, Nanecfield 325, Alaska 219, Steinhansen 212, Okruakna 215, Welgelegen 396, Karamba 203, Kamingama 204, Toronto 206, Good Hope 397.  
OMARURU: Otjikoko 67, Ozondjisse 55.

VARKPES.

OMARURU: Okosongoro Suid.  
OKAIHANDJA: Outinkwa 243.

BEESTERING.

LUDERITZ: Dorpsmeent.

BOKBRANDSIEKTE.

REHOBOOTH: Kanobes Ost, Wortel (358).

SKAAPBRANDSIEKTE.

GIBEON: Bohemia, Edelweiss 438, Entabene 27, Goricia 269.

OMARURU: Otjohorongo & Okombahe Nat. Reserves.

OUTJO: Otjumue Nord 108.  
OUTJO: Mooipoort, Rantveld.

G. F. VAN DER MERWE,  
vir Direkteur van Landbou.

WINDHOEK, 18.10.1955.

(No. 105 of/van 1955.)

BANKS' STATEMENT, SEPTEMBER, 1955, IN TERMS OF SECTION 7 OF PROCLAMATION No. 29 OF 1930,  
 THE BANKS PROCLAMATION, 1930.  
 BANKEOPGAWE, SEPTEMBER 1955, INGEVOLGE ARTIKEL 7 VAN PROKLAMASIE No. 29 VAN 1930,  
 DIE BANKPROKLAMASIE 1930.

BANK	Liabilities to the Public in S.W. Africa Verpligtings teenoor die Publiek in Suidwes-Afrika				Cash Reserve in South West Africa Kontant Geldreserwes in S.W. Afrika				Advances and Discounts in South West Africa Voorskotte en Diskontos in Suidwes-Afrika	
	Deposits, etc. / Deposits, etc.			TOTAL TOTAAL	Gold coin Gemuente Goud	Subsidiary coin Pasmunt	S.A. Reserve Bank Notes S.A. Reserve banknote	Notes of other banks S.W. Africa base. Note van ander banke wat in S.W.-Afrika uitgegee is.	Advances Voorskotte	Discounts Diskontos
	Demand Opvorder- bare	Time Tyd	Bank notes issued in and redeemable in S.W. Africa in circulation. Banknote uitgereik in en betaalbaar in die gebied van S.W.-Afrika in omloop.							
	£	£	£	£	£	£	£	£	£	£
Barclays Bank D.C.O.	5,161,411	4,693,010	622,279	10,476,700	—	35,597	574,929	2,846	2,900,042	264,108
Standard Bank of South Africa, Limited	4,810,740	542,022	658,758	6,011,520	—	25,025	426,720	1,890	3,006,079	257,127
Volkscas Beperk	702,419	285,825	68,474	1,056,718	—	5,449	70,534	120	457,879	28,099
Ohlthaver & List Trust Co., Ltd.	63,600	54,793	—	118,393	—	8	7,996	1,913	129,457	6,500

(No. 106 of 1955.)

## RESERVATION FROM PEGGING.

It is hereby published for general information that the period of reservation from pegging effected by General Notice No. 54 of 1955 is hereby extended for a further six months, i.e. up to the 14th May, 1956.

P. F. HENDERSON,  
Inspector of Mines.

(No. 107 of 1955.)

## AREA RESERVED FROM PEGGING.

In terms of section 18 of the Mines, Works and Minerals Ordinance, 1954 (Ordinance No. 26 of 1954), as amended, the Honourable the Administrator has, subject to existing rights, reserved from pegging the undermentioned farm, for a period of six months, with effect from the 15th November, 1955.

Farm reserved from pegging:—  
Dorka No. 206, Windhoek District.

P. F. HENDERSON,  
Inspector of Mines.

(No. 108 of 1955.)

It is hereby notified for general information that the undermentioned registrations have been effected in this office during the period ended 31st October, 1955.

L. J. VOSLOO,  
Registrar of Companies.

Companies Registration Office,  
Windhoek, 7th November, 1955.

(No. 106 van 1955.)

## VERBOD OP KLEIMAFSTEKING.

Vir algemene inligting geskied daar hierby kennisgewing dat die tydperk van verbod op kleimafsteking, bewerkstellig by Algemene Kennisgewing No. 54 van 1955, hiermee vir 'n verdere ses maande verleng word, dit is op 14 Mei 1956.

P. F. HENDERSON,  
Inspekteur van Mynwese.

(No. 107 van 1955.)

## VERBOD OP KLEIMAFSTEKING.

Kragtens artikel 18 van die Ordonnansie op Myne, Werke en Minerale 1954 (Ordonnansie 26 van 1954), soos gewysig, het sy Edele die Administrateur die ondergemelde plaas, onderhewig aan bestaande regte, van kleimafsteking vir 'n tydperk van ses maande vanaf 15 November 1955, onttrek.

Plaas onttrek van kleimafsteking:—  
Dorka No. 206, Windhoek Distrik.

P. F. HENDERSON,  
Inspekteur van Mynwese.

(No. 108 van 1955.)

Vir algemene inligting word dit hiermee bekend gemaak dat die ondervermelde registrasies gedurende die tydperk eindigende 31 Oktober 1955 in hierdie kantoor plaasgevind het.

L. J. VOSLOO,  
Registrateur van Maatskappye.

Registrasiekantoor van Maatskappye,  
Windhoek, 7 November 1955.

**LOCAL COMPANIES REGISTERED. — PLAASLIKE MAATSKAPPYE GEREGISTREER.**

No.	Name of Company. Naam van Maatskappy.	Address/Adres	Capital/Kapitaal	Date/Datum
854	Thompson's Radio (Proprietary) Limited.	P. O. Box 611, Windhoek.	£1,000.0.0.	5/10/1955
855	Snel-Diens (Eiendoms) Beperk.	P. O. Box 6, Walvis Bay.	£3,000.0.0.	5/10/1955
856	Marie Neef Investments (Proprietary) Limited.	P. O. Box 512, Windhoek.	£1,000.0.0.	6/10/1955
857	I. D. Buys (Eiendoms) Beperk.	P. O. Box 84, Otjiwarongo	£5,000.0.0.	13/10/1955
858	Africa-Frankfurt Rauchwaren Auktion (Proprietary) Limited.	P. O. Box 514, Windhoek.	£10,000.0.0.	20/10/1955
859	G. Merjenberg (Proprietary) Limited.	P. O. Box 944, Windhoek	£5,000.0.0.	21/10/1955
860	Werners' Agencies (Pty) Limited.	P. O. Box 625, Windhoek.	£100.0.0.	26/10/1955
861	Sammies Trading Store (Pty) Limited.	P. O. Box 448, Windhoek.	£100.0.0.	26/10/1955
862	S.W. Insurance Agency (Pty) Limited.	P. O. Box 283, Windhoek.	£5,000.0.0.	28/10/1955
863	Wayne Motors (S.W.A.) (Pty) Limited.	P. O. Box 452, Windhoek.	£1,000.0.0.	31/10/1955

**FOREIGN COMPANIES REGISTERED. — BUITELANDSE MAATSKAPPYE GEREGISTREER.**

206	Cape Machine Supplies (Pty) Limited.	c/o Mr. Niel Clark, 2 Saniam Arcade, P. O. Box 1469, Windhoek.	£2,000.0.0.	5/10/1955
207	Louw & Halvorsen, Limited.	c/o Mr. J. Price, P. O. Box 167, Walvis Bay.	£1,000.0.0.	18/10/1955

**COMPANIES STRUCK OFF THE REGISTER. — MAATSKAPPYE VAN REGISTER GESKRAP.**

519	S.W.A. Development Corporation Limited.	P. O. Box 18, Windhoek.	£5,000.0.0.	21/9/1955
-----	---	-------------------------	-------------	-----------

**INCREASE OF CAPITAL REGISTERED. — VERMEERDERING VAN KAPITAAL GEREGISTREER.**

No.	Name of Company. Naam van Maatskappy.	Address/Adres	From—to/Van—tot	Date/Datum
709	Sea Products (S.W.A.) Limited.	Erf No. 216, Talas Buildings, Kaiser Street, Windhoek.	£400,000 — £980,000	13/10/1955
508	Koupa Stores (Pty) Ltd.	Rem. Ext. Erf 26, Grootfontein.	£2,000 — £6,000	18/10/1955
619	Dolphin (Pty) Limited.	P. O. Box 6, Walvis Bay.	£5,000 — £15,000	31/10/1955

**REDUCTION OF CAPITAL REGISTERED. — VERMINDERING VAN KAPITAAL GEREGISTREER.**

526	S.W.A. Gems (Pty) Limited.	Erf No. 122, Schlosser Str., Swakopmund.	£10,000 — £3,000	4/10/1955
-----	----------------------------	--	------------------	-----------

# TENDER.

(No. 22 of 1955.)

## S.W.A. ADMINISTRATION. WORKS BRANCH.

Tenders are invited for the creation and completion of a New Library, Museum and Archives, Windhoek.

Copies of the plans and specification may be inspected at the office of the Architect, Government Buildings (Room 150), Windhoek. Contractors are advised to inspect the documents before asking for copies of the Bills and Quantities to be issued to them.

On payment of a deposit of £10.10.0, either in cash or bank-initialled cheque, copies of the Bills of Quantities may be obtained from the Director of Works, Government Buildings (Room 144), Windhoek. The deposit will be refunded provided a *bona fide* tender is submitted or the Bills of Quantities are returned to the Director of Works within eight days from the date of deposit of tenders.

Tenders on the official tender form and in a sealed envelope endorsed "Tender No. 1335/55" must be submitted to the Secretary, S.W.A. Tender Board, S.W.A. Administration Stores, P.O. Box 164, Windhoek, and should reach him not later than 9th December, 1955, at 11 a.m.

The lowest or any tender will not necessarily be accepted, nor will any reasons be given for the rejection of a tender.

O. WIPPLINGER,  
Director of Works.

(No. 22 van 1955.)

## S.W.A. ADMINISTRASIE. WERKE AFDELING.

Tenders word ingewag vir die oprigting van 'n Biblio-teek, Museum en Argiewe, Windhoek.

Afskrifte van die spesifikasie en planne sal ter insae lê in die kantoor van die Argitek, Regeringsgebou (Kamer 150), Windhoek. Kontrakteurs word aangeraai om die dokumente te besigtig alvorens aansoek om uitreiking van afskrifte van die Lyste van Hoeveelhede gedoen word.

Teen betaling van 'n deposito van £10.10.0 (kontant of tjek deur 'n bank geparafeer) kan afskrifte van die Lyste van Hoeveelhede verkry word van die Direkteur van Werke, Regeringsgebou (Kamer 144), Windhoek. Die deposito sal terugbetaal word mits 'n *bona fide* tender ingestuurd word of die Lyste van Hoeveelhede aan die Direkteur van Werke terugbesorg word voor die verstryking van ag dae vanaf die datum waarop tenders sluit.

Tenders op die offisiële tendervorm en in 'n verselde koert met die opskrif „Tender No. 1335/55" moet gerig word aan die Sekretaris, S.W.A. Tenderraad, S.W.A. Administrasie-Magasin, Posbus 164, Windhoek, en moet hom bereik voor of op 9 Desember 1955, om 11 v.m.

Die Tenderraad is nie verplig om die laagste of enige tender aan te neem nie, en ook sal geen redes vir die verwerping van 'n tender verstrek word nie.

O. WIPPLINGER,  
Direkteur van Werke.

## Advertisements.

### ADVERTISING IN THE OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA.

1. The *Official Gazette* will be published on the 1st and 15th day of each month; in the event of either of those days falling on a Sunday or Public Holiday, the *Gazette* will be published on the next succeeding working day.

2. Advertisements for insertion in the *Gazette* must be delivered at the office of the Secretary for South West Africa (Room 10, Government Buildings, Windhoek) in the languages in which they are to be published, not later than 4.30 p.m. on the NINTH day before the date of publication of the *Gazette* in which they are to be inserted.

3. Advertisements will be inserted in the *Gazette* after the official matter or in a supplement to the *Gazette* at the discretion of the Secretary.

4. Advertisements will be published in the *Official Gazette* in the English or Afrikaans languages; the necessary translation must be furnished by the advertiser or his agent.

5. Only legal advertisements are accepted for publication in the *Official Gazette*, and are subject to the approval of the Secretary for South West Africa, who can refuse to accept or decline further publication of any advertisement.

6. Advertisements should as far as possible be typewritten. Manuscript of advertisements should be written on one side of the paper only, and all proper names plainly inscribed; in the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can only be republished on payment of the cost of another insertion.

7. The subscription for the *Official Gazette* is 30/- per annum, post free, in this Territory and the Union of South Africa obtainable from Messrs. John Meinert Ltd., Box 56, Windhoek. Postage must be prepaid by Overseas subscribers. Single copies of the *Gazette* may be obtained either from Messrs. John Meinert Ltd., Box 56, Windhoek, or from the Secretary for South West Africa at the price of 1/- per copy.

8. The charge for the insertion of advertisements other than the notices mentioned in the succeeding paragraph is at the rate of 7/6 per inch single column and 15/- per inch double column, repeats half price. (Fractions of an inch to be reckoned as  $\frac{1}{2}$  inch.)

9. Notices to Creditors and Debtors in the estate of deceased persons and notices of executors concerning liquidation accounts lying for inspection, are published in schedule form at 12/- per estate.

10. No advertisements will be inserted unless the charge is prepaid. Cheques, drafts, postal orders or money orders must be made payable to the Secretary for South West Africa.

## Advertensies.

### ADVERTEER IN DIE OFFISIELE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA.

1. Die *Offisiële Koerant* sal op die 1e en 15e dag van elke maand verskyn; in geval een hierdie dae op 'n Sondag of openbare feesdag val, verskyn die *Offisiële Koerant* op die eersvolgende werkdag.

2. Advertensies wat in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word, moet in die taal waarin hulle sal verskyn, ingedien word by die Kantoor van die Sekretaris van Suidwes-Afrika (Kamer 10, Regeringsgebou, Windhoek), nie later as 4.30 n.m. op die NEGENDE dag voor die verskyning van die *Offisiële Koerant* waarin die advertensie geplaas moet word.

3. Advertensies word na die amptelike gedeelte in die *Offisiële Koerant* geplaas, of op 'n ekstra blad van die *Koerant*, al na die Sekretaris goetvind.

4. Advertensies word in Engels en Afrikaans in die *Offisiële Koerant* gepubliseer; die nodige vertalings moet deur die adverteerder of sy agent gelewer word.

5. Slegs wetadvertensies word vir publikasie in die *Offisiële Koerant* aangeneem en hulle is onderhewig aan die goedkeuring van die Sekretaris van Suidwes-Afrika, wat die aanneming of verlate publikasie van 'n advertensie mng weier.

6. Advertensies moet sover moontlik getik wees. Die manuskrip van advertensies moet slegs op een kant van die papier geskryf word en alle name moet duidelik wees. In geval 'n naam weens onduidelike handskrif foutief gedruk word, kan die advertensie slegs dan herdruk word as die koste van 'n nuwe plasing betaal word.

7. Die jaarlikse intekengeld op die *Offisiële Koerant* is 30/- posvry in hierdie Gebied en die Unie van Suid-Afrika, verkrygbaar by die here John Meinert, Bpk., Posbus 56, Windhoek. Oorsese intekenaars moet posgeld vooruit betaal. Enkele eksemplare van die *Offisiële Koerant* is verkrygbaar van die here John Meinert, Bpk., Posbus 56, Windhoek, of van die Sekretaris van Suidwes-Afrika, teen 1s. per eksemplaar.

8. Die koste vir die plasing van advertensies, behalwe die kennisgewing wat in die volgende paragraaf genoem word, is teen die tarief van 7s. 6d. per duim enkelkolom en 15s. per duim dubbelkolom, herhalings teen halfrys. (Gedeeltes van 'n duim moet as volle duim bereken word.)

9. Kennisgewings aan krediteure en debiteure in die boedels van oorlede persone en kennisgewings van eksekuteurs in verband met likwidaterekeninge, wat ter insae lê, word teen 12s. per boedel in skedulevorm gepubliseer.

10. Geen advertensie sal geplaas word tensy die koste vooruit betaal is nie. Tjeks, wissels, pos- en geldorders moet aan die Sekretaris van Suidwes-Afrika betaalbaar gemaak word.



**ELECTION OF EXECUTORS AND TUTORS.**

The Estate of the persons mentioned in the attached schedules being unrepresented, notice is hereby given to the surviving spouse (if any), next-of-kin, legatees, and creditors, and—in cases where the necting is convened for the election of Tutors—to be held in the several Estates at the times, dates, and places specified for the purpose of selecting some person or persons for approval by the Master of the High Court of South West Africa as fit and proper to be by him appointed Executors or Tutors, as the case may be. Meetings at Windhoek will be held before the Master, and in other places before the Magistrate.

J. P. A. SCHOEMAN,

Master of the High Court of South West Africa.

**VERKIESING VAN EKSEKUTEURS EN VOOGDE.**

Aangesien die Boedels van die persone, vermeld in die aangehegte lys, nie verteenwoordig is nie, word hiermee kennis gegee aan die nagelate eggenoot (as daar een is), erfgename, legatarisse en skuldigers, en—in gevalle waar die byeenkoms vir die verkiesing van voogde beld word—aan die bloedverwante van die minderjarige s van vaders en moederskant, en aan al die ander persone wat dit mag aangaan, dat byeenkomste met betrekking tot die verskillende boedels op die vermelde tyd, datum en plekke gehou sal word vir die doel om 'n persoon of persone te kies vir goedkeuring van die Meester van die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika as geskik om deur hom as eksekuteurs of voogde, soos die geval mag wees, aangestel te word. Byeenkomste te Windhoek word voor die Meester, en in ander plekke voor die Magistraat, gehou.

J. P. A. SCHOEMAN,

Meester van die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika.

**SCHEDULE. / BYLAE.**

Registered Number of Estate Geregistreer. Nummer van Boedel	Name of the Deceased Surname Naam van Oorledene Familiennaam	Christian Name Voornaam	Occupation Beroep	Date and Place of Death Datum en Plek van oorlyde	Date and Time of Meeting Datum en tyd van byeenkoms	Place of Meeting Plek van byeenkoms	Meeting convened for election of Byeenkoms bely vir verkiesing van
212/1953	Schlemmer	Andrus Frederik Benjamin	Farmer	26.7.1953, Aus	11.12.1955 10 a.m.	Luderitz	Tutor Datief
299/1955	Bester	Willem Abraham	Maatskappy Bestuurder	29.8.1955, Walvisbaai	17.11.1955, 10 v.m.	Walvisbaai	Eksekuteur Datief

**NOTICE.**

Notice is hereby given in terms of Section 26 (1) (c) of Ordinance No. 17 of 1953 that the Roads Board of Tsumeb deems it desirable to proclaim the following road as a public road: From a point on the southern boundary of the farm Stilhoek No. 823, approximately one mile from the North-western corner of the farm Kilprand No. 827 thence generally Northwards in the district of Tsumeb across the farms Stilhoek No. 823, Goroob-Ost No. 294, and Wildernis No. 882 where it joins public road No. 3016 on lastmentioned farm.

A sketch plan indicating the position of the proposed road may be seen at the office of the Magistrate, Tsumeb.

Interested persons may lodge their objections to the above road in writing with me within 2 months of publication hereof.

D. J. STEWART,  
Magistrate and Chairman of Roads Board.

**KENNISGEWING.**

Kennis geskied hiermee kragtens Artikel 26 (1) (c) van Ordonnansie No. 17 van 1953 dat die Padraad van Tsumeb dit nodig ag dat die volgende pad as publieke pad verklaar moet word: Vanaf 'n punt op die suidelike grens van die plaas Stilhoek No. 823 ongeveer een myl van die Noordwestelike hoek van die plaas Kilprand No. 827, dan algemeen Noordwaarts in die distrik van Tsumeb oor die plaas Stilhoek No. 823, Goroob-Ost No. 294 en Wildernis No. 882 om aan te sluit met publieke pad No. 3016 op laasgenoemde plaas.

'n Sketsplan wat die ligging van die voorgestelde pad aandul mag by die kantoor van die Magistraat te Tsumeb gesien word.

Belanghebbende persone mag hulle besware teen die bovermelde pad skriftelik by my indien binne twee maande van publikasie hiervan.

D. J. STEWART,  
Magistraat en Voorsitter van Padraad.

**NOTICE.**

Notice is hereby given in terms of Section 26 (1) (c) of Ordinance No. 17 of 1953 that the Roads Board of Tsumeb deems it desirable that the portion of District Road No. 3017 be deviated from a point approximately one mile north of the Southeastern corner of the farm Kilprand No. 827 in the District of Tsumeb, thence North-westwards across the farm Kilprand No. 827 up to a point on the Southern boundary of the farm Stilhoek No. 823 thence generally westwards along the southern boundaries of the farms Stilhoek No. 823 and Bosrand No. 822 where it joins Main Road No. 75 on lastmentioned farm.

A sketch plan indicating the position of the proposed road/s may be seen at the office of the Magistrate, Tsumeb.

Interested persons may lodge their objections to the above road in writing with me within 2 months of publication hereof.

D. J. STEWART,  
Magistrate and Chairman of Roads Board.

**KENNISGEWING.**

Kennis geskied hiermee kragtens Artikel 26 (1) (c) van Ordonnansie No. 17 van 1953, dat die Padraad Tsumeb dit nodig ag dat die gedeelte van distrikspad No. 3017 verlei word vanaf 'n punt ongeveer een myl noord van die Suidoostelike hoek van die plaas Kilprand No. 827, in die Distrik Tsumeb, dan Noordweswaarts oor die plaas Kilprand No. 827 tot op 'n punt op die Suidelike grens van die plaas Stilhoek No. 823, dan algemeen Weswaarts al langs die Suidelike grense van dan algemeen Weswaarts No. 823, en Bosrand No. 822, tot waar dit die plaas Stilhoek No. 75 op laasgenoemde plaas aansluit met Hoofpad No. 75.

'n Sketsplan wat die ligging van die voorgestelde pad aandul mag by die kantoor van die Magistraat te Tsumeb gesien word.

Belanghebbende persone mag hulle besware teen die bovermelde pad skriftelik by my indien binne twee maande van publikasie hiervan.

D. J. STEWART,  
Magistraat en Voorsitter van Padraad.

**KENNISGEWING.**

Kennis geskied hiermee dat ek voornemens is om, 14 dae na die inasie publikasie hiervan, aansoek te doen by die Water- en Land, Windhoek vir 'n Permit om 'n boorgat te slaan op my eiendom geleë op Erf No. 645, Klein Windhoek, in die Munisipaliteit en Distrik van Windhoek; en enige besware tot die slaan van die boorgat deur my op my genoemde eiendom moet by die Sekretaris van Suidwes-Afrika binne die genoemde tydperk ingedien word.

J. G. A. STADLER.

Kragtens die bepalinge van artikel 16 van Ordonnansie Nr. 13 van 1935 gee ek hiermee kennis dat ek my motorgarage saak op Erf Nr. 28 te Grootfontein aan WALTER OTTO WILHELM TIETZ verkoop het en dat binne veertien dae na publikasie van hierdie kennisgewing aansoek by die Grootfontein kassie van hierdie kennisgewing gesoek word en die Lisensiehof gedoen sal word vir die oordrag van die Lisensie.

W. F. A. TIETZ,  
W. F. A. O. TIETZ

Grootfontein,  
1 November 1955.

NOTICE TO CREDITORS AND DEBTORS, ESTATE OF DECEASED PERSONS. Section 46, Act No. 24 of 1913, as applied to South West Africa.

Creditors and Debtors in the Estates specified in the annexed Schedule are called upon to lodge their claims with and pay their debts to the Executors concerned within the stated periods calculated from the date of publication hereof.

KENNISGEWING AAN SKULDEISERS EN SKULDENAARS, BOEDELS VAN OORLEDE PERSENE. Artikel 46, Wet No. 24 van 1913, soos toegepas op Suidwes-Afrika.

